

Source: BURGER

Date: 08-Nov-2005

Topic: 05

Ref No: 2255



1

ID: 03280410-01 Source Page: 12

Vanwaar al Suid-Afrika se eie Kojaks?

EK het nog nooit sedert 1994 soveel swart mans met bleskoppe gesien nie. Wat is dit omtrent bleskoppe wat dit so gewild gemaak het onder Suid-Afrikaanse swart mans? Is die skoongeskeerde kop dalk veronderstel om elegansie, sofistikasie, wysheid of seksuele aantrekkingskrag te reflekteer in 'n politieke era waarin voorkoms alles beteken?

Is dit veronderstel om waarnemers te oortuig daarvan dat die bleskop die een of ander senior amp beklee of 'n gesagsfiguur in die regering, handel of nywerheid is? Wat presies probeer dié manne sê? Die *bald and the beautiful*, dalk?

Daar kan natuurlik meer sinistêre redes wees vir die beheptheid met blesheid, soos om skaam of ongemaklik te wees met lang of kort hare; des te meer in 'n land wat hare vir meer as 'n halfeeu lank die fetisj van rasbeheptheid gemaak het.

Ek hoor swart mense dikwels kla dat swart hare veronderstel is om moeilik hanteerbaar, "befoeterd" of "eiesinnig" te wees en dit maak blesheid dus vir hulle die aangewese manier om ongehoorsame lokke te hanteer.

Ek kan nie help om te wonder hoe diegene wat apartheid afgedwing het, bles swart mense gehanteer het nie. My post-apartheid-kinders weier nou wel om te glo dat 'n potlood jou rasseklassifikasie kon bepaal, maar ek is ernstig: 'n burokraat kon 'n mens met een potloodtrek deur jou hare verdoem tot minderwaardige opvoeding in skole, 'n geringer kans op ordentlike behuising, asook beperkte toegang tot gesondheidsdienste.

Verdomp, daardie potlood kon selfs bepaal of jy 'n halwe (swart veroordeeldes) of 'n hele hoender (die skaars wit veroordeelde) ontvang die aand voordat jy en jou onverteerde hoender aan die galgtou swaai!

Maar laat ons positief wees.

Die bles swart mens kan dalk bloot 'n manier wees om erkenning te verleen aan



DINSDAG AKTUEEL

JONATHAN JANZEN

rolmodelle: vername swart mans wat blesheid hul waarmerk gemaak het – ek dink hier aan die beroemde akteur Lou Gosset jr., die opwindende bokser Marvellous Marvin Hagler of die briljante basketbalspeler Kareem Abdul Jabaar.

Dié rolmodelle kan selfs plaaslike ouens wees – soos Sam Shilowa, Tony Yengeni en Smuts Nkonyama.

Dalk is die blink bleskop veronderstel om deursigtigheid aan regerings- of sakewêreld-kant te weerspieël.

Uit die perspektief van kopluisse is daar ten minste geen wegkruipplek nie.

Tog gaan daar 'n paar risiko's gepaard met bles word. Talle bles mans ontdek by geleentheid dat hul koppe nou nie juis seepgladde, eenvormige swart kopvelle is wat naatloos deurloop van die voorkop tot by die agterkant van die nek nie.

Nee, meneer, van dié koppe neig om diep groewe, onverwagte splete en op die koop toe heelwat knobbels te verklap. Dit ly geen twyfel nie dat sommige broeders later sal besluit om juis dit wat doelbewus ontbloot is, maar weer met hare "toe te maak", eerder as om daardie openbare kyke te verduur wat suggereer dat hulle bewys van vasteland-skuiwing gevind het!

Waarom fassineer blesheid my so? Ek weet regtig nie.

Dalk is dit te wyte aan 'n dralende herinnering uit my kinderjare van 'n voorval toe ons groepie laerskoolkinders betrap is terwyl ons ewe harmonieus 'n liedjie gesing het oor 'n bleskop-onderwyser. As ek reg onthou, het die liedjie soos volg geklink: "Son skyn oos,

Source: BURGER

Date: 08-Nov-2005

Topic: 05

Ref No: 2255



1

ID: 03280410-02 Source Page: 12

son skyn wes, son skyn neer op Blackie se bles." Dis nou afgesien daarvan dat mnr. Blackie, die bles onderwyser wat ons betrap het, nie juis die Afrikaanse invoegsel as 'n Christelike *blessing* geïnterpreteer het nie en ons dit behoorlik laat ontgeld het in die dae toe lyfstraf nog een van die min maniere van volwassene-vermaak was – dit wilsê, voor die dae van M-Net en DStv.

Dalk spruit my bekoring in mindere mate uit pyn as uit ander mense se plesier. Ek onthou nog hoe ernstig ek die skool se grapmaker opgeneem het toe dié aangekondig het dat ons gunsteling-televisie-konstabel, die bleskop Kojak, op afskuwelike wyse gesterf het: King Kong het die arme Kojak glo per ongeluk vir 'n suigstokkie aangiesien . . . Die grapmaker het weke lank gelag oor ons aanvanklike en misleide smart omdat Kojak ons ontval het.

Daar is in werklikheid niks erger as om op 'n natuurlike wyse bles te word nie. Ek vind dit positief aaklig om bosse hare langs die kant van jou kop te hé . . . met 'n reuse-kaalte (wat sterk herinner aan Mosesagtige analogieë van die Rooisee wat gekloof word!) dwarsoor die middel van jou kop. Dit spreek van middelklas-verveling, dié tipe ouens oor wie hulle familiefieks maak. William Spady, die Amerikaanse evangelis van uitkomsgerigte onderwys, kan dalk net sy gebrek aan geloofwaardigheid onder Suid-Afrikaanse opvoedkundiges toeskryf aan die dramatiese skeiding op sy kop.

Wat bles ouens se bedoelings ook al mag wees, het dit sin om te onthou dat dit wat in jou kop aangaan, veel belangriker is as dit wat bo-op jou kop verskyn, of dalk nie verskyn nie.

Soos skoonheid is blesheid slegs veldiep.

● Prof. Jonathan Jansen is dekaan van die departement opvoedkunde aan die Universiteit van Pretoria.